STAAN MY BY

O die winter wind
Wat oor ons wêreld waai
En die donker stêr
Wat in die hemel draai
En ‘n teken langs die pad
Wat vorentoe bedui
Hier’s die einde van jou drome
Hier kom jy nooit verby

En jy besef terdee
Jou laaste kans verdwyn
Want jou siel is moeg
En jou liggaam pyn
Dan kom ek vir jou haal
Dan kom ek vir jou sê
My vriend, o my vriend
Ons moet nooit gaan lê

Tot die bitter end
Tot die son uitbrand
Tot die see opdroog
Anderkant die verste anderkant
Al staan ek alleen
Sal ek nooit gaan lê
Ek sal steeds hier staan
Vir jou die waarheid sê

Staan my by, my bra, staan my by, my bra
Skouer aan skouer
Sy aan sy

Ek sien, ek sien,
Ek sien die verste anderkant
Hier kom ek vir jou haal
Hier kom ek vir jou sê

Ek sê nee, nee, nee
Ons sal nooit gaan lê

Tot die bitter end, ens

BRAAI

Baby, voor ek jou oopmonds soen, sê my -- kan jy braaibroodjies maak?

Baby ek wil braai vanaand
Baby jy maak slaai vanaand
Kom ons maak lawaai vanaand
Baby ek wil braai….

Daar's 'n volmaan oor die berge
Die pap is nou-nou klaar
Kyk hoe wip my rokkie
Bokkie soek gevaar

Blaas my vuvuzela
Doen dit vir Mandela
Druk my grênadela
Gee my daai sugela

Die vyand is verower
Die telling's op die bord
Swaai jou boude bokkie
Ons dans die sokkie jol

Baby swaai jou boud vanaand
Baby ek voel stout vanaand
Ek bring harde hout vanaand
Baby ek wil…..braai

Los die vis en die chips

Bring die hout en die Blitz
Tot die next level
Terwyl ek braai doen ek splits
Ek laat die steak lekker sizzle
Baby, skink vir pappa nog ‘n dubbel
My hande is so ingebraai en taai
Dat ek die wors met my vingers omdraai
So komaan steek die vuur aan die brand
Ek soek ‘n tjop op die kole en ‘n dop in my hand
As ek agter die braai is
You can’t go wrong
Jack Parow rol met gold plated tongs
So almal gryp ‘n bord en ‘n mes
Dis Jack Parow en die Kalahari Orkes

O die lekker sokkie
Die joburg sokkie jol
Swaai my duskant bokkie
Hou vas ou skattebol

Kyk hoe styg die vlamme
Hoe warm brand die vuur
My hart klop stukkend bokkie
Hoeveel moet ‘n man verduur?

Baby ek wil braai vanaand
Baby jy maak slaai vanaand
Kom ons maak lawaai vanaand
Baby ek wil braai

AS DIE KAR NOG DAAR IS

Dik = Oom Frank Opperman
Din = Oom Ian Roberts

Ons het shots gedrink innie singles bar
Ekke was stukkend en Swaer was naar
Hy sê**, staan my by, asseblief my bra**
I'm too vrot to drive my car
Ek sê, relax my friend, there's nothing to fear
Let's just go check if your car's still there.

O mamma, as die party klaar is
Moet almal bid dat die kar nog daar is
O mamma, as die party klaar is
Almal moet bid dat die kar nog daar is

So we go outside and eish, guess what?
Where my jammie was standing there's an empty spot
Ons het verlam met skok na binne teruggekeer
En 'n dop geskink vir ons senuwees
Barman sê, aaai, die lewe is hel
Julle's seker gretig om die polies te bel

So ons bel die polisie maar daar's niemand daar nie
En die barman wil glad nie die feite aanvaar nie
Hy sê, ag suka boys, poliesstasie's naby
Ek sallie kroeg toesluit en julle soontoe ry

What happened next.....you won't believe it bru
We go outside and his car's gone too
The oke goes bossies but there's no one to moer
So he tunes, come here closer, both you two...
The time has come to go vigilante
But first ...we klap a bottle of brandy

Koor

'n Uur of wat later breek 'n vensterruit
Swaer se vrou storm binne en skel hom uit
Sy sê, ja, suiplap, hier vang ek vir jou
Verduidelik jouself of ek foeter jou nou...

En Swaer sê...

It's not my fault! My jammy got zikked!
Then this oke's too, so our moer was stripped!
Now we making a plan to go vigilante
As soon as we kis this bottle of brandy!

She checks him out and tunes, you know, my dear
Your lies is as thin as what's left of your hair
Then she chases me out in the cold morning air
And that's when we check – her car's not there

Nooit!

Birds was singing, the dawn had come
I tune, have a dop, baby, let's make this fun
An we sat down to watch the rising sun
and laughed till the tears began to run

She's beautiful, bra, that wife of mine
Also bedondered.....But hey, that's fine
And Jo'burg town, **she's beautiful, too**
But bedondered, my baby....
Bedonderd my baby...just like you!

Koor

Lobola

Hier sit ek bekaf met 'n groot penarie
Poppies: Dertien dogters en 'n geld probleem
Waarie geld vandaan kom moet jy liewer nie vra nie
Poppies: Dertien dogters en 'n geld probleem

Ian: O gonna, mense, dinge's werklik krom

Uit alle rigtings....eisers aan die kom
Daar kommie buurman, daar kom die balie
Almal soek geld en ek kannie betaal nie...

Ian: Lobola! Ek soek lobola!
Poppies: Honderd beeste en 'n BMW!

Poppies: Lobola! Hy soek lobola!
Honderd beeste en 'n BMW!

Ian: Die bure sê sies, man, jy kannie so maak nie
Lobola's vir Bantoes en jy is glad nie swart nie
Maar ek's 'n Afrikaan in 'n Afrikastaat
as jy 'n dogter wil hê gaan jy betaal, my maat...

Ian: Lobola!
Poppies: Hy soek lobola! Honderd beeste en 'n BMW!

Woza woza mhlobowaam
Niga mali tenga thombazaan eam
Die Boere verstaan nie hierdie Afrika saak nie
Wie sê ek kannie uit my dogters baat nie?

Toyota Corolla… asseblief agge nee
Ek soek niks anders as 'n BMW
Maar sê vir jou wat, ek sal jou *discount* gee
Gooi in 'n trekker en vat vir jou twee!

Lobola – Hy soek lobola, ens.

Spaanspek

Hulle noem my Rodrigo hier op die plaas
Hulle moet maar so maak, ek's so mal soos 'n haas
Almal hier rond dink seker ek's gek
Maar ek is so Spaans soos 'n ryp spaanspek

Met my lewensverhaal is daar iewers fout
Dalk was my ma met ‘n spaniaard stout
Amigo mio ek’s die dorp se conquistadorre

Koor:

Los huevos, Los Rancheros,
Ek’s ‘n Boer met ‘n bandolero
Los Huevos, Los Ranchero
Hy’s ‘n Boer met ‘n Bandolero
Los blondinas aqui wil my soentjies gee
Want ek dans soos ‘n kwaai pistolero!

Vanaand speel die orkes Latyn-Amerikaans
En ekke raak lus om fandango te dans
Klippies en coke is vir my saai saai saai
As jy my Spaansboer hart wil laat waai
Gee my chili con carne en Tia Maria
Margaritas en skote tequila
Amigo mio vanaan gaan ons vamanos

Koor

As die volmaan so geel oor jou gesig streel
Hoor ek kastanette in die verte speel
My donkeroog meisie, hier’s ‘n roos vir jou hare
Gaan jou toor met my Spaanse kitaar….
Ek toor met my Spaanse kitaar….

Ole!

Rodrigo Albertus Stephanus du Preez
Ek’s ‘n boepens boer met ‘n sterk Spaanse geur
Almal op die dorp dink seker ek’s gek
Maar ek is so spaans soos ‘n ryp spaanspek
Gee my chili con carne en Tia Maria
Margaritas en skote tequila
Amigo mio, vanaand gaan ons vamanos

Los huevos, Los Rancheros,
Ek's 'n Boer met 'n bandoleros
Los Huevos, Los Rancheros
Hy's 'n Boer met 'n bandolero
La mampoera, la sativa
Ek samba die mooi blondina
Met sy serp en sombrero
Sy boots en sy bandolero
Los blondinas aqui wil my soentjies gee

Want ek dans soos 'n kwaai pistolero!

Ole!

HEUNINGLAND

Someraand o soete geur
bloureen stort oor die sinkdak neer
geur hang swaar in die avond lug
plaasdam glim in sterrelig
in die landerye staan die mielies reeds so
daar's volop boontjies in die ou klip stoor
tollies sug van lekkerkry
in die soet groen veld waar hulle in vrede wei

o die lekker lewe
in melk en heuningland
my sondes nou vergewe
my veglus uitgebrand
heuningland, o heuningland

paddas dans en die paddas sing
op 'n aand soos hierdie maak alles weer sin
in heuningland is alles stil

Net ‘n nagtegaal wat in die donker tril

Daar’s ‘n konsertina wat in die verte speel
sagte wind wat oor die vlakte streel
sagte lig wat in die duister brand
opsitkersmeisie hou vas my hand

ai, die bittersoet, die soet en suur
die menigtes jaag heen en weer
koningryke val uitmekaar
maar heuningland is altyd daar

maak toe jou oë, jy sal dit ook kan sien
aardbol tol in die groot alleen
maar daar’s ‘n huisie en daar’s ‘n bloekomboom
en ‘n plaas waar ek my drome droom

Blink Stêr

Jy kon die ligte van Joburg vanuit die hemel sien
Ek het maklik tien sjieling elke aand verdien
Ons het cocktails gedrink in die New York Café
En Sondae met die trollie na Zoo Lake gery

Buite Ansteys het die Bentleys in lang toue gestaan
Die rykes se parties het heelnag aangegaan
hoogste geboue suid van die ewenaar
Sodom en Gomorrah van die ou Transvaal

Blink stêr van die Witwatersrand
Jou ligte het verblindend in die donker gebrand
Goud ondergrond en skyscrapers daar bo
Die stad was so vrolik jy kon amper nie glo

Die strate is donker en my oë is flou

Maar ek sweer ek sien Jingoes in hulle swart tuxedos
Hulle staan op ‘n balkon en rook vet sigaars
Dis die lords en die ladies wat in die Empire baljaar

Ai die klank van ‘n orkes met viool en kitaar
En die pure genot wat uit elk gesig straal
die spuurwit handskoene wat die mooi meisies dra
en daai goed op die borde...is dit dalk caviar?

Ek wil bittergraag ingaan, maar ek’s net ‘n straat hoer
En hulle’s Jingo mynbase en skatryk ou Jode
Buitendien moet ek erken, hulle’s almal net spoke
Ek sal mos weet, want ek is een ook

Nou slaap die homeless in geboue se deure
Hulle beef en brand rommel in oliedrom vure
Dalk is die vlamme ook vir God sigbaar
Nagtelike juwele van die nuwe Transvaal

Blink ster in die winter so rou
Ek willie vergeefs aan die verlede vasklou
Maar op Commissioner Straat is ek ‘n druppeltjie dou
Nou-nou verbleek ek tot ryp in die kou

Son

Hey jy, hey jou
kom kyk, kom gou
Asseblief mamma bring my donker bril
Son slat so skerp hy gaan my appeltjie skil

Hierie blad se skinner laat die water kook
Hy’s ‘n pes wat moles en rumoer opstook
Allie ander blaaie lyk bleek en siek
Want hiers die Son met sy Page 3 chick

Daie Son werp lig op nare onkruid
Jou politicians as varke uit
Verwyt filmsters oor stink attitude
Wys Joos se stripper heeltemaal nude

Skandaal!

Hey jy! ens

Een baas praat stront, die ander is ‘n aap
Toordokter kul ‘n dom plaasjaap
Dominee verneuk sy vrou met ‘n slet
Tik-tik dealers speel games met die wet

Daar’s allerhande stories oor daily life
Lekker advies vir husband en wife
Die ou wil net suip en sy vroutjie spyker
 Sy donder hom dik…maar hy willie luister

Eina!

Hey jy, hey jou ens

Mamma sê seun, die blad is onsedelik
Ekke sê glad nie, dis onverbeterlik
Kyk hierdie storie oor die spuls bokram
Met die p*** wat die tannies met skok verla*m*

En die vroom ou regter wat dronk bestuur
Vuil sondaar wil nou onskuld skree
En die sleg onderwyser wat met meisies lol
Son vat hom beet en laat hom hol...

Voortsek!

Hy jy, hy jou ens ens

Wakka Doef Doef

Vers 1
Jy's **'n** bra vannie Kaap, jy's 'n boer of a soutie
Dit maak nie meer saak nie en dis glad nie jou fout nie
Vir 300 honderd jaar het ons saam gebly
Kak gepraat en met mekaar gestry.

Vers 2
Onder beeldskone blou en brandende son
Daar's stof in die verte en ruiters wat kom
kom om te jol of miskien om te rob
gool met die dolos en smokkel jou kop.

Koor
Haai-haai Moeder, Haai-haai tata
Gooi muthi op die kole, almal izapha
Haai-i-e Mamma, die zombies die kom
Met 'n wakka doef-doef en 'n brom-brom brom
Die dol os, die los os, die satyr
goeie genade!

Vers 3.
Daar's die wat loop en daar's die wat bly
Daar's mense wat praat en mense wat stry
Stem vir die links of stem vir die regs
Daar is 'n verskil maar wie weet wie's reg.

Koor

Vers 4
Hier kom al die spoke en al die oorledenes
Hou my vas mama, en gooi daai bene,
Mense verlaat, pak huis op en ry
Maar moenie worry, mama, ek gaan net hier bly.

Koor

Jolie Marie

Ek dra my Sward vir Napoleon,
Op die vlagskip San Jonee
Seile klap soos vlerke bo,
Ek vlieg oor die diep blou see
Terug na geliefde Kaapse land
Vir daaie vreemde vlag is ek sat, Monsieur
Ek kom terug, Jolie Maree

Ja ek dra my roer vir Oom Paul Kruger
In die nag deur buffelgras ry
Khakis kom nader onder helder maan
Ek hoor hulle agter my
Ek veg vir geliefde geboorteland
Gaan nie buig op gebroke knie
Geen vreemdeling gaan aan my meisie vat
Ek veg vir jou Marie

Ah Jolie Jolie Jolie Marie
J'taime mon plus Marie
My Swartland nooi met die Fraanse brei
Ek kom terug, Jolie Marie

En hier in die jaar van trek of bly
Sit ek my wynglas neer
In 'n straler hoog in die hemel blou
Duisend meter bo die diep blou see
Vlieg terug na geliefde Kaapse land
Ek's nou sat vir als Europees
Geen vreemde land sal my ooit weghou
Ek kom tuis na jou Maree.